GEANKER IN LANDBOU

Senwes

JAAREINDRESULTATE
APRIL 2020

FINANSIËLE HOOGTEPUNTE

Omset
R4 803 miljoen
78,7%
2019: R2 687

Netto batewaarde
R15,1 per aandeel
7,2%
2019: R14,0

Verdienste voor rente, belasting, depresiasie en amortisasie (EBITDA)
R627 miljoen
17,6%
2019: R533

Totale aandeelhouers-opbrengs
5,5%
0,0%
2019: 5,5%

Wins toeskryfbaar aan ekwiteitshouers van die moedermaatskappy
R303 miljoen
7,8%
2019: R281

Verdienste per aandeel
178,3 s/aandeel
5,4%
2019: 169,1

Kontant uit bedryfsaktiwiteite
R545 miljoen
5,2%
2019: R575

DIVIDEND-VERKLARING

FINALE DIVIDEND PER AANDEEL:
30 sent
[2019: 30 sent]

REKORDDATUM:
27 Augustus 2020

BETALINGSDATUM:
3 September 2020

Dividendterughou-belasting sal van toepassing wees.

Vir die verhandeling van Senwes aandele, besoek www.zarx.co.za

AANKONDIGINGS

Die Senwes Groep het daarin geslaag om 'n 57,7% aandeel in KLK Landbou Beperk te bekom gedurende die jaar. Ons sal voortgaan daarmee om sinergieë te ondersoek en te benut, verdere beleggings in die kernbesigheid te maak en geleenthede te skep vir die ondersteuningsplatform en besigheidsbemagtiger van die huidige portefeulje.

Senwes het voortgegaan om die risiko's van sy landboutoerustings-portefeulje te verminder deur die byvoeging van Falcon Agricultural Equipment ter uitbreiding van die Senwes Equipment voetspoor gedurende die jaar. Die oorblywende 50% aandeel in Grainovation is ook gedurende die jaar bekom ten einde die volle voordeel en integrasie van die Marktoegangskanaal te kan benut.

OORSIG EN VOORUITSIGTE

Die landbousektor het 'n verlaging in die pryse van alle kommoditeite ervaar. Senwes het 'n goeie prestasie in 'n baie uitdagende jaar gelewer, met aansienlik laer somergraanaanplantings weens die laat reën. As gevolg van die laat aanplantings, was die kwaliteit van die mielies nie naastenby so goed soos die langtermyn gemiddelde kwaliteit van mielies nie.

Die konsolidasie en herstrukturering van die landboudienstebedryf is geïnisieer oor die afgelope 12 tot 18 maande. Dit het 'n impak op alle rolspelers gehad en geleenthede geskep vir diegene wat voorbereid was en wat oor strategiese insig, verhoudings en balansstaatkapasiteit beskik het om daarop te reageer. Die Senwes Groep glo dat 'n duidelike strategie, die vermoë om uitvoering daaraan te gee en om balansstaatkapasiteit te bestuur, die onderskeidende faktore sal wees tussen rolspelers. Ons glo dat ons sektor homself op 'n belangrike oomblik ten opsigte van verandering bevind.

BESIGHEIDSEGMENTE

FINANSIËLE DIENSTE

BEDRYFSWINS VOOR BELASTING, NA FINANSIERINGSKOSTE 19,6% ▲

2020 R201m
2019 R168m

25 besigheidseenhede

Die finansiële besigheidsegment presteer steeds goed, ten spyte van die uitdagings van laer kommoditeitspryse, kontantvloeidruk op kliënte vergeleke met die vorige jaar en die gebrek aan duidelikheid oor grondeienaarskapbeleide wat deur die regering geïmplementeer word.

INSETVERSKAFFING

BEDRYFSWINS VOOR BELASTING, NA FINANSIERINGSKOSTE 393,3% ▲

2020 R148m
2019 R30m

172 besigheidseenhede

Die insetverskaffingsegment presteer beter jaar-op-jaar, maar die primêre produsent is steeds onder finansiële druk, met 'n gevolglike beperkte kapitaal-spanderingsvermoë. Dit het 'n direkte impak op ons toerustingsbesigheid.

MARKTOEGANG

BEDRYFSWINS VOOR BELASTING, NA FINANSIERINGSKOSTE 37,9% ▼

2020 R186m
2019 R300m

93 besigheidseenhede

Die resultate word deur volume gedryf en die laer resultate as die vorige jaar stem ooreen met die laer volumes in hierdie segment, wat ook regdeur die graanwaardeketting gereflekteer word en 'n negatiewe impak op alle betrokke partye het.

http://senwes.co/resultate20

Senwes Bpk (Registrasienommer: 1997/005336/06)
Charel de Klerkstraat 1, Klerksdorp, 2570
Tel: 018 464 7800
Webwerf: www.senwes.co.za
Maatskappysekretaris: EM Joynt.

DIREKTEURE: JDM Minnaar (Voorsitter), F Strydom (Hoof Uitvoerende Beampte)*, SF Booysen (Ondervoorsitter), CF Kruger (Hoof Finansiële Beampte)*, VJ Klein, AJ Kruger, NDP Liebenberg, JS Marais, JJ Minnaar, SM Mohapi, JPN Stander, TF van Rooyen, WH van Zyl en AG Waller. Maatskappysekretaris: EM Joynt. *Uitvoerende